LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

26 Maart 2017

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Francois Hanekom: Verhoudings

VIERDE WEEK IN LYDENSTYD

Fokusteks uit Leesrooster: Joh 9:1-41

RCL tekste: 1 Sam 16:1-13; Ef 5:8-14
Ps 23

Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

AFSLUITING VIR KWARTAAL

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 0827068642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:45:

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

FOKUSTEKS: Joh 9:1-41

Hoe sien ons vandag wonderwerke? Gebeur dit nog? Soek ons nie dikwels wetenskaplike of logiese antwoorde vir wonderwerke nie? Kry ons dit nie, aanvaar ons dit eenvoudig nie.
Klink dit nie so baie soos die woorde van die Fariseërs nie? Beide die dissipels en die Fariseërs ly aan 'n vorm van blindheid. Hulle kan nie met die oë van Jesus kyk nie. 'n Mens kwalifiseer vir die genesing van Jesus, deur die blinde te wees. Volgens die teks moet 'n mens jou eie blindheid raaksien en dit voor Jesus erken. Dan help Hy jou sien! Die gevaar is om blind te wees en dit te ontken. Luister na vs 41: "As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: 'Ons sien.' Daarom bly julle skuldig." Wanneer Jesus ons blindheid wegneem, leer ons sien. Hy was die skille van ons oë af. Hy reinig ons harte van verblindende sonde, Hy laat ons uitreik na mekaar.
Uitdaging: Leer kyk om God raak te sien, dat jy nie blind bly nie, maar kan sien soos die siende man van Joh. 9.

- Willem Botes -

KNIEWERK:

- Francois Hanekom vir boodskap
- Ons bid vir buite seisoenale reën en volkome toewyding aan Jesus Christus, ons Here
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Vosloo
- Mathilda Stemmet in hospitaal
- Vir Hennie Langenhoven vir emosionele genesing nadat hy deur 3 mans in sy huis toegesluit en sy goed gesteel is.
- Robert Jardim vir volkome herstel na operasie

GEBEDSTEMA: MRT 2017

ONDERWERP: Beskermingsdienste

Week 5: 26 Mrt – 1 Apr - Verkeer

Ps 139:3 en Ps 23:3 Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.

Gebedsversoek

Bid vir verkeersbeamptes wat moet toesien dat mense die verkeersreëls gehoorsaam. **Bid** vir hul veiligheid waar hulle dikwels teen wetsongehoorsame mense moet optree en dan self aangeval en dikwels gedood word. **Bid** dat hulle nie sal toegee aan korrupsie en nie sal swig om omkoopgeld te aanvaar om oortreders vry te spreek nie.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3
@ Konsistorie of Raadsaal.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4
@ Konsistorie of Raadsaal.

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021-853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 0825522423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 0829492045

Ons liewe Annalie, staatmaker Finansiële Beampte in die kerkkantoor tree af aan die einde van Maartmaand....

Hoe sê ons dankie? Dis moeilik, want dit wat sy gedoen het in die 26 jaar van diens in ons Gemeente se waarde kan nie bepaal word in geld of woorde nie!

Annalie, ons gebed is dat die Here jou 'n vreugdevolle, avontuurbe-laaide aftrede sal gee. Geniet jou man, kinders, kleinkinders, familie en vriende. Mag jy nou welverdiende tyd geniet saam met jou geliefdes en op al jou gunsteling kuierplekkies nuwe "memories" gaan skep. Ons lief jou!

DINAMIET KIEDZ

Ons het vandag 'n heerlike afsluiting met baie speletjies, lekker sang en lekker eetgoed vir ons kindertjies!

Ons wil ook opreg dankie sê aan elke kindjie, mamma, pappa en gemeentelid wat speelgoed en toiletware geskenk het vir ons Barmhartigheidsprojek deur die kwartaal.

Die instansie aan wie ons dit vandag sal oorhandig is Heartlands Baby Sanctuary (voorheen Cotlands).
Hulle gaan ons Kinderkerk kom bywoon sodat die Kiedz kan sien vir wie hulle alles ingesamel het♥ ☺ ♫♫♫

Die Kerkraad het toestemming gegee vir die gebruik van die **ZAPPER selfoon toepassing** as ‘n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes.

Laai die “APP” gratis af van jou selfoon se “app store”
Volg die instruksies om die bankkaart van jou keuse daaraan te koppel. Die meeste kredietkaarte (Visa- en Mastercard) kan gebruik word asook debietkaarte wat die “chip” in het. Capiteckaarte kan ook gebruik word, maar moet eers by ‘n tak vir aanlynaankope geregistreer word.
Nou kan jy die toepassing gebruik deur die kode (sien bo) te “scan”.
Die kode verskyn op ons nuusbrief en is ook by die ingange van ons kerkgebou. Jy kan dit op jou eie tyd en enige plek doen.

Nog iets om in gedagte te hou: Vir sekuriteit word aanbeveel dat jy in die “settings” van die app ‘n kode opstel wat jy elke keer moet intik voordat jy die betaling laat deurgaan. Jy sal van elke transaksie ‘n epos van Zapper ontvang.

Navrae: 021 853 5991

AMOS KAAP MARK 01 APRIL 2017 T.B.V. PLAASBEARBEIDING IN STRAND

Amos-Kaap hou vyf Plaasmark ten bate van plaasbearbeiding in die Strand op die sypaadjie onder die Spur. Hoof Koördineerder van die markte is JB Wessels kontak 0832334533 vir navrae. Amos Kaap is ‘n nie rassige, interkerklike, landbouorganisasie wat fokus op evangeliebediening en die bemagtiging van die landbougemeenskap van SA en Afrika.
Amos se visie is: Om te LEEF EN BOER SOOS GOD WIL,
Amos se Missie is: Die transformasie van die landbougemeenskap in Afrika deur die herstel en bou van verhoudings met God, mense en die skepping sodat God se Koninkryk in hulle sigbaar kan word. Ons wil deur die verkoop van vars produkte bv. groente en vrugte teen markprys fondse vir Amos werksaamhede insamel.
Markdatums vir 2017 as volg:
01 April Villiersdorp/Worcester koördineer
06 Mei Studente Koue Bokkeveld koördineer
03 Junie Citrusdal koördineer
Indien u meer inligting rondom Amos se werksaamhede wil weet kan u 083 2334533 skakel.

Groete in Christus
Ds. JB Wessels (Amos Kaap bedieningskoördineerder,)

PRINTING SPONSORED BY
PAM GOLDING PROPERTIES

Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za

PAM GOLDING
PROPERTIES